# KEETMANSHOOP PRIVAATSKOOL

# ALGEMENE SKOOLREëLS:

## Bevorderlike gedrag:

- Om die beginsel waarop die skool gevestig is te alle tye uit te leef en 'n voorbeeld te wees vir mede-skoliere.
- Die beeld van die skool by alle geleenthede uit te dra en te beorder – selfs in jou private hoedanigheid.
- Altyd bedagsaam en respekvol op te tree teenoor meerderes – dit sluit prefekte, ouers, onderwysers en besoekers.
- Om so op te tree dat skooleiendom nie beskadig word nie.
- Deur skoolaktiwiteite in 'n goeie gees by te woon – altyd korrek en netjies geklee.
- Meerderes altyd vriendelik te groet.
- Mede-skoliere met respek te behandel.
- Leerlinge moet te alle tye die regverdige gesag van prefekte en onderwysers aanvaar en eerbiedig.

## Reëls t.o.v. negatiewe optrede:

- Geen vloekery of vuil taal sal geduld word nie
- Diefstal van enige aard sal nie geduld word nie
- Die besit of gebruik van dwelms sal nie geduld word nie
- Die besit of gebruik van alcohol sal nie geduld word nie
- Die besit of gebruik van sigarette sal nie geduld word nie
- Die besit of gebruik van pornografie sal nie geduld word nie
- Die besit of gebruik van enige gevaarlike wapen of voorwerp sal nie geduld word nie
- Niemand mag in enige klas sit en eet nie
- Geen kougom word toegelaat nie
- Geen selfone word by die skool toegelaat nie.
- Geen onnodige fisiese kontak tussen leerlinge word toegelaat nie – dit sluit in hang aan mekaar, soenery, drukkies en enige gedrag wat ongemaklikheid by ander kan veroorsaak.

## Skoolbywoning

- Alle leerlinge moet stiptelik vir die begin van die skooldag aanmeld.
- Geen leerling mag die skoolterrein tydens skooltyd sonder toestemming van die skoolhoof verlaat nie.
- Afwesigheid by die skool is onaanvaarbaar tensy daar vooraf met die skoolhoof persoonlik reëlings getref word – selfs in geval van siekte en skoolverwante aktiwitiete.

## Akademiese werk

- Daar word van leerlinge verwag om opdragte t.o.v. akademie getrou uit te voer
- Daar word van leerlinge verwag om evaluering (toetse, eksamens ens.) ernstig te benader
- Afskryf van skoolwerk en oneerlikheid sal nie gedulk word nie
- Leerlinge moet die hoë standard wat by KPS gehandhaaf word, respekteer en akademie as Prioriteit beskou.
- Leerlinge wat afwesig is dra self die verantwoordelikheid om verlore werk in te haal
- Leerlinge wat afwesig is wanneer toetse geskryf word en nie 'n wettige verskoning het nie, sal geen punte vir sodanige toetse kry nie.

## Skooldrag ( algemeen)

- Elke leerlinge sal skool bywoon ten volle geklee in die skooldrag soos voorgeskryf in die prospectus
- Elke leerling sal buitemuurse aktiwiteite bywoon ten volle geklee in die skool se sportdrag
- Skooldrag moet altyd netjies en skoon wees
- Skoene moet elke dag netjies en skoon wees

## Gedrag in klaskamers

- Geen leerling mag op skryfborde skryf tensy die onderwyser dit versoek nie
- Geen leerling mag op banke sit nie.
- Geen spelery of rondlopery word in klasse toegelaat nie.
- Indien 'n onderwyser nie in die klas is nie, word daar van elke leerling verwag om ordelik en bestendig met werk aan te gaan.
- Masjinerie en apparaat mag nie sonder toestemming van personeel aangeskakel of hanteer word nie. Dit sluit veral rekenaars en skootrekenaars in.
- Wisseling tussen klasse behoort flink en in rye te geskied.
- Personeel moet te alle tye respekvol behandel word en opdragte moet noukeurig en stiptelik uitgevoer word.
- Leerders moet vinnig in klasse instap, stande wag totdat onderwyser hul groet en by hul eie banke sit en dadelik werk uithaal.
- Klaskamers moet netjies agtergelaat word.
- Leerlinge verlaat slegs lokaal met 'n klaspas
- Leerlinge mag nie eet of drink in klasse nie, behalwe water. Indien hulle daarmee mors sal die voorreg verbeur word.

## Beskadiging van eiendom

- Enige leerling wat die skool of ander persone se eiendom beskadig, sal verantwoordelik gehou word vir hertel of vervangingskoste.

## Pouses

- Niemand mag gedurende pouses in bome klim nie.
- Niemand mag gedurende pouses oor enige muur of draad klim nie.
- Niemand mag gedurende pouses op enige dak klim nie.
- Geen leerlinge mag naby personeel se voertuie speel gedurende pouse nie.
- Afknouery/bakleiery sal nie geduld word nie.
- Niemand mag enige grootte klip gooi nie.
- Geen tasse word op stoepe toegelaat nie, behalwe as dit reën
- Geen leerling mag tydens pouses op die kerkperseel, in straat, voor kantoor, voor die hek of buite die skoolmure wees nie.
- Geen spelery op die stoepe tydens pouses nie.
- Balspelery sal beperk word indien dit 'n problem veroorsaak.
- Hoërskoolleerlinge wat snoepie besoek, moet na hul aankope dadelik na hoërskoolkant van die skool terugbeweeg.
- Leerlinge beweeg met die lui van die klik onmiddelik na die rye en ko tot orde.

## Higiëne

- Leerlinge moet elke dag netjies, skoon en goed versorg vertoon.
- Toilette moet netjies en skoon gehou word.

## Buitemuurse aktiwiteite

- Leerlinge moet altyd betyds wees vir die buitemuurse aktiwiteite waaraan hulle deelneem
- Leerlinge woon buitemuurse aktiwiteite ten volle geklee in sportdrag by of in oefendrag soos deur die afrigter bepaal
- Indien 'n leerling nie buitemuurse oefening kan bywoon nie, moet daar voor die tyd verskoning by die afrigter gemaak word
- Leerlinge reël met afrigter indien 'n leerling laat of glad nie by 'n oefening kan opdaag nie.

## Meisies

Keetmanshoop Privaatskool is trots op die jong dames wat hier skoolgaan en wat deurgans die naam van die skool hoog sal hou met hul voorkoms en gedrag. Wanneer 'n dogter dus by KPS inskryf, onderneem sy die volgende:

## Juweliersware:

- Horlosies: Silwer, goud, bruin, swart, wit en blou, GEEN smart watches nie.
  Onversierde polshorlosies – hou dit eenvoudig m.a.w. geen steentjies of behangsels of groot motiewe nie.
- Oorbelle: Een paar oorkrabbertjies word gedra in die onderste gaatjies van oorlel
  Slegs silwer of goud
  Ringetjies, nie halfmaan nie – eenvoudig en onversierd
  Ringetjies se grootte soos die binnekant 'n Namibiese 5c en dikte 1mm

  Knoppies ( slegs silwer of goud) mag slegs die standaardgrootte (3-4mm) wees

  Wat ingeskiet word – niks groter of kleiner nie.

- Geen hangeltjies, kettinkies, armband of bandjies nie (slegs mediese bandjies is aanvaarbaar)
- Geen tong, neus, oog, lipringe of enigiets dergliks

## Grimering en naels

- Geen onderlaag, geen grimering by skooluniforms of sportdrag nie.
- By informele skooldrag (civvies) – geen grimering
- Naels kort, skoon en netjies
- Vals naels – ontoelaatbaar
- Geen naellak

## Hare

- Rekkies en linte: Swart, wit, blou of 'n rekkie dieselfde kleur as hare bv. Bruin
  Slegs 1 kleur lint ± 2 cm of dunner – jade, blou, wit – eenvoudig en Eenkleurig.
- Knippies: Gewone, eenvoudige, onversierde haarnaalde of knippies

  Geen versierings soos skoenlapperknippies of blinkers nie.

- Haarbande ("Alice bands): Eenvoudig, nie opgestop of versier nie.
  Nie dikker as 2 cm nie.
  Blou, wit, swart of bruin wat pas by haarkleur
  Tandjies haarbande – swart, bruin en wit
- Kuif: 1cm bo wenkbroue (indien nie vasgesteek kan word nie)
  Geen gekleurde, gebleikte, getinte hare.
  Geen kleursjampoo of kleurmousse nie.
  Geen jel of stileermiddels nie.
  Hare ten alle tye uit gesig en oë
  Hare mag nie in opvallende of ongewone snitte of deurmekaar opgesteekstyle gedra Word nie.

## Meisies skooluniform

- Donkerblou skoolromp rompie nie opgerol of nouer afgewerk nie – nie korter as 4 cm bo die knie nie (let veral op na jou romp wat optrek aan die agterkant)
- Skoolbloes met geborduurde wapen op sak.
- Skooldas (winter)
- Wit skoolsokkies(somer)
- Lang grys sokkies (winter)
- Swart skoene
- Skooltrui, moulose trui en skoolbaadjie – dra altyd das en baadjie in die winter
- Skoolbaadjie moet skoolwapen op sak hê
- **LO drag**: Streephemp met donkerblou sweetpakbroek/oefenbroekie wat nie te kort is of deurskynend, ook nie op gesny nie, is nie met tekkies.
- **Sportdrag Dogters:**
  NETBAL LAERSKOOL: Skoolnetbalhempie en rompie
  NETBAL HOËRSKOOL: Skoolnetbalhempie en rompie en 1ste span spandrag.
  HOKKIE LAERSKOOL: Skoolsporthempie en donker/navy blou Pep oefen broekie of seilbroekie sonder insnysel.
  HOKKIE HOËRSKOOL: 1ste span – spandrag
  JUKSKEI EN BOOGSKIET: Skoolsporthempie en donker/navy blou Pep oefen broekie of seilbroekie sonder insnysel.
  SKAAK, KULTUUR, REDENAARS EN IDIOMESTRYD: Skooldrag.
  ATLETIEK: Skoolsporthempie/skoolatletiekhempie en donker/navy blou Pep oefen broekie, seilbroekie sonder insnysel of spanbroek.
- **Sportdrag Seuns:**
  RUGBY LAERSKOOL: Rugbytruie en donker/navy blou Pep oefen broekie
  RUGBY HOËRSKOOL: Rugbytruie en donker/navy blou Pep oefen broekie
  RUGBY 1STE SPAN: Rugbytruie en wit oefen broek.
  HOKKIE LAERSKOOL: Skoolsporthempie en donker/navy blou Pep oefen broekie of seilbroekie sonder insnysel.
  HOKKIE HOËRSKOOL: 1ste span – spandrag
  JUKSKEI EN BOOGSKIET: Skoolsporthempie en donker/navy blou Pep oefen broekie of seilbroekie sonder insnysel.
  SKAAK, KULTUUR, REDENAARS EN IDIOMESTRYD: Skooldrag.
  ATLETIEK: Skoolsporthempie/skoolatletiekhempieen donker/navy blou Pep oefen broekie, seilbroekie sonder insnysel of spanbroek.

## Gewone drag ("civvies")

- Kortbroeke, rompe en rokke mag nie korter as 4 cm bo die knie wees nie.
- Bloese, "tops", rokke: Geen lae hals, ooprug, oop maag
  Onderklere mag nie deurskyn nie en ook nie uitsteek nie
  Opsomming: Nie te kort, nie te styf, nie te oop nie en nie te
  Ontblotend nie
- Geen los hare
- Geen grimering
- Geen naellak

Hierdie reels is nie daargestel om die individu te beperk nie, maar eerder om die jong dames in hul totaliteit te laat ontwikkel.

## Seuns

Keetmanshoop Privaatskool is trots op die seuns wat hier skoolgaan en wat deurgans die naam van die skool hoog sal hou met hul voorkoms en gedrag. Wanneer 'n seun dus by KPS inskryf onderneem hy die volgende:

## Juweliersware

- geen ander juweliersware as horlosies mag gedra word nie

## Hare

- hare moet te alle tye netjies vertoon. Kort om die ore, nek en bo op kop nie langer as 4cm nie. Steps, gekleurde hare en wangbaarde is onaanvaarbaar
- Geen gekleurde, getinte of gebleikte hare nie.
- Geen jel of stilleermiddels nie
- Seuns moet geskeer wees en netjies vertoon.
-

## Naels

- Naels moet te alle tye netjies, kort en skoon wees.

## Seuns uniform

- Skoolhemp
- Grys langbroek met swart gordel ( sonder versierde of opvallende gespes)
- Kort grysbroeke mag ook gedra word in die somer
- Das is verpligtend op Maandae
- Slegs grys sokkies
- Swart skoolskoene met veters – geen gespes, gekleurde stikwerk of opvallende punte en hake nie
- Skooltruie, moulose trui en baadjies – en das tydens saalbyeenkomsdae asook winter.
- Sportdrag:  Streephemp met donkerblou oefenbroek/sweetpakbroek en tekkies.

## Gewone drag ("civvies")

- Netjiese drag binne aanvaarbare norme
- Geen versiersels, kettings of behangsels en bandjies nie.

## Algemeen

- Tree altyd soos 'n ware heer op deur dames eerste te laat in- en uitstap by deure, stoele aan te bied en respekvol teenoor hul op te tree.  Dit sluit taalgebruik en algemene gedrag voor dames in.

Hierdie reels is nie daargestel om die individu te beperk nie, maar eerder om die jong mans in hul totaliteit te laat ontwikkel.

**<u>TER OPSOMMING:</u>**

**<u>WINTERSDRAG VIR 2 DE TRIMESTER 2019</u>**

**LAERSKOOLSEUNS:** Dra grys langbroek, met KPS-trui/fleece baadjie/dri mac baadjie en serp.

**LAERSKOOLDOGTERS:** Dra blou skoolromp met grys lang sokkies of grys langbroek met KPS-trui/fleece baadjie/dri mac baadjie en serp.

**HOËRSKOOLSEUNS:** Dra grys langbroek, KPS-trui/blazer, das en serp.

**HOËRSKOOLDOGTERS:** Dra blou skoolromp met lang grys sokkies, KPS-trui/blazer,das en serp.